## KOLLEKTES

**Sondag: 22 Januarie 2023**
In die banke: Dorkas (Susters) By die deure: Dankbaarheidsfonds
**Sondag: 5 Februarie 2023**
In die banke: DVB (Diskonie) By die deure: Expando
***U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...***

Snap here to pay
SnapScan

## WYK – DIENSBEURT

Sondag – 29 Jan 2023 Wyk 3
Ouderling: Br Rassie Erasmus
Diaken: Br Viljoen v/d Walt
Wyksuster: Sr Lientjie v/d Walt

## VERJAARSDAE

Vandag 29 Jan Adriaan Coetzee
Dinsdag 14 Feb. Lombard Niesing
Donderdag 16 Feb. Johan Reinecke
Sondag 19 Feb. Mizahn Potgieter
Dinsdag 21 Feb. Jolané Muller

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan (ingegaan het) met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

## LIEF EN LEED

Sr Miemie Snyman wat haar voet baie seergemaak en haar enkel gebreek het. Die operasie om die enkel weer te heg is reeds gedoen. Ons vertrou dat sy weer volkome mag herstel.
Br Francois Marais is afgelope Dinsdag aan sy oog geopereer. Ons is dankbaar om te hoor operasie het goed verloop. Ons vertrou dat dit ook 'n sukses mag wees.
Br Pieter du Plessis is in MediClinic in Bloemfontein. Hy het een of ander infeksie in van die kussinkies tussen die rugwerwels. Dit veroorsaak baie pyn. Daar moet ook antibiotika gekweek word om die behandeling te begin wat nog paar weke kan duur. Mag die Here ons broeder genade verleen om deur die seer geduldig op uitkoms te wag.
Ons dink in ons gebede aan br Harm Schoeman. Daar is 'n mate van verbetering. Ons gebed is dat daar net nog groter en meer verbetering mag kom.
Sr. Nettie van Aswegen en kinders en familie word die troos van die Heilige Gees toegebid ná haar skoonseun die afgelope vakansie oorlede is.
Sr Lientjie van der Walt se pa bly ook in ons gebede. Hy voer 'n opdraande stryd met sy gesondheid. Ons dink ook aan hulle as familie wat hom moet bystaan oor afstande heen.
Ons gebed is dat die Algemene Sinode wat môre-oggend (30 Jan 2023) 'n aanvang neem deur die Here geseën mag word en dat besluite wat geneem word wat werklik tot eer van God mag strek. Ook tot uitbou van sy kerke en tot versterking van ons as gelowiges in die lewe waarin ons nou is.

## OORSIGTELIK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

| | |
|---|---|
| Dankoffers ontvang in vorige finansiële jaar | R552 063 -00 |
| Totaal van dankoffers vir huidige boekjaar | R579 995-00 |
| Totaal van dankoffers vir Des 2022 | R37 540 |
| Totaal van dankoffers vir Jan tot op hede | R26 740 |
| Kermis inkomste vir 2022 | R268 128- 64 |
| Gemiddelde dankoffer per besoekpunt vir 11 maande | R911 per besoekpunt |
| Werklike inkomste vorige finansiële jaar | R 1 191 012-87 |
| Werklike uitgawes vorige finansiële jaar | R 1 240 328-31 |
| Ramings per lidmaat per jaar (ingesluit Klassis en Streeksinode) | R950-00 |

Voorsitter is oudl. Lukas Potgieter (079 695 0555)

## DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.
U kan dit aflaai by http://bit.ly/2D0uRqf
Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Ons dankbaarheid voor die Here moet altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by https://bit.ly/3j1e2xT

